NOTULE : GESPREK TUSSEN VERTEENWOORDIGERS SK OOS-KAAPLAND EN RK RING VAN QUEENSTOWN OP 21 APRIL 2006 TE QUEENSTOWN RE BUITENGEWONE SINODE 2005

1. VERWELKOMING

Die voorsitter, ds Hansie Schutte, heet die aanwesiges welkom en open die vergadering.

2. PRESENSIE

2.1 SK Oos-Kaapland

Ds Hansie Schutte (Voorsitter)
Dr Chris van Wyk (Onder-voorsitter)
Dr Schalk du Toit (Aktuarius)
Ds Danie Mouton (Skriba)
Ds Barnard Steyn (Ontwerpspan)

2.2 RK Ring van Queenstown

Ds Herman Retief (Voorsitter)
Ds Wiekie van Straaten (Skriba)
Ds Velle Potgieter
Me Marelize Bekker
Mnr Franscois Bakkes

3. OPDRAG EN DOEL

3.1 Die voorsitter verduidelik dat ‘n skrywe van die Ring van Queenstown aan die SK gestuur is waarin kommer van die NGK Cathcart as standpunt van die Ring deurgegee is. In die lig hiervan het die SK-Dagbestuur op 9 Februarie 2006 as volg besluit:

> *Besluit dat die lede van die moderatuur die ringsleraars van Queenstown ontmoet in ‘n afsonderlike gesprek net na afloop van die voorgestelde beraad op 21 April te Queenstown. Skriba reël dit via die ringskriba (pt 5.2.8.2 met verwysing na Bylaag Q)*

3.2 Die RK Queenstown het dit onaanvaarbaar gevind dat die moderatuurslede die ringsleraars ontmoet, aangesien die ringsleraars nie die ring amptelik kan verteenwoordig nie. Derhalwe, meld ds Retief, het die RK besluit om die gesprek by te woon.

4. GESPREK

4.1 In sy inleidende opmerkings wys ds Herman Retief op addisionele besware teen sinodale prosedures:
4.1.1 Die tydsverloop tussen die versending van die skrywe (3 November 2005) en die gesprek laat die vermoede ontstaan dat spesifiek die gemeente se klagtes nie belangrik geag word nie. Waarom is daar nie met die gemeente oor haar kommer kontak gemaak nie?
4.1.2 Die gebruiklike bosberaad waar RK’s teenwoordig is, is van die tafel af en vervang met predikante-byeenkomste. Dit skep die indruk dat lidmate nie as belangrik geag word nie.
4.1.3 Die skrywe met die kommer daarin uitgespreek was amptelike kommunikasie van die ring. Waarom word daarop gereageer met die stuur van ‘n paar lede van die sinodale vergadering?

4.2 Ds Schutte verduidelik hierdie ‘n amptelike afvaardiging van die SK is en dat die skrywe as ‘n ringsdokument hanteer is. Hy is egter bereid om die gemeente te enige tyd persoonlik te ontmoet. Die bosberaad word deur RK’s bygewoon wat in 11 van die 13 ringe se geval volledig uit leraars bestaan. Die bedoeling is dus nie om lidmate gering te ag nie, welwetende dat lidmate vergaderings in die week gewoonlik baie moeilik kan bywoon. Die tydsverloop is meegebring deur die besluit om die gesprek met die leraarsbyeenkomste te laat saamval.

4.3 Ds Retief nooi ds Schutte mondelings ter vergadering uit om Cathcart te besoek, en laasgenoemde neem die uitnodiging aan.

4.4 Wat die inhoud van die oorspronklike skrywe van NGK Cathcart betref, wys ds Schutte op die volgende:
4.4.1 Die rede vir die buitengewone sinodale vergadering was nooit uitsluitlik ter wille van finansies nie, maar veral om prosesse en take wat deur die Algemene Sinode van 2004 op die agenda geplaas is, te hanteer;
4.4.2 Die styl van die vergadering, soos vooraf duidelik gekommunikeer, was prosesmatig omdat vaste besluite oor kerkhereniging en homoseksualiteit nie geneem moes word nie. Die proses om gemeentes oor kerkherening gesprek te laat voer moes geloods word, en die sinode moes oor homoseksualiteit gekonsulteer word.
4.4.3 Die vergadering was ook nie bedoel as toetsing van kerkrade se menings nie. Dit vind eers na die buitengewone sinode plaas.
4.4.4 Die SK het self ook die sinode beoordeel en is bewus daarvan dat dit nie sonder leemtes was nie. In die terugvoer word egter ‘n gemiddelde punt van 65% vaan die eerste twee sittingsdae toegeken. Dieselfde geld die laaste sittingsdag, toe van tradisionele besluitneming gebruik gemaak is.

4.5 Na openhartige gesprek is die lede tevrede dat hulle mekaar gevind het.

5. AFSLUITING

5.1 Ds Velle Potgieter sluit met gebed af.